# Komkomper

**<u>Poësie – Graad 7 Eerste Addisionele Taal:</u>**

Pas die korrekte verklarings in kolom B by die mees geskikste terminologie in kolom A. Trek ‘n lyn van die een na die ander.

| | Kolom A | | Kolom B |
|---|---|---|---|
| 1 | herhaling | A | Die gebruik van woorde om klanke te herhaal. |
| 2 | vrye vers | B | Die herhaling van die konsonant klank. |
| 3 | alliterasie | C | Wanneer woorde of frases herhaal word. |
| 4 | onamatopee | D | Daar word geen leestekens gebruik nie. |

Lees die gedig vinnig deur. Skryf die woorde wat jy nie verstaan nie in die kolom neer.

| Woorde uit die gedig | Eie woorde uit die gedig |
|---|---|
| gehipnotiseer | |
| kwaliteit | |
| skootrekenaar | |
| vooruitgang | |

<u>Lees die onderste gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg.</u>

**Komkomper**

1. ‘n rekenaar is ‘n vreemde ding
2. dit sluk mense vir dae aaneen in

3. die skerm maak onheilspellende patrone
4. op hul bekommerde gesigte

5. maak hul rûe krommer en krommer
6. todat hulle oplaas heeltemal

7. gehipnotiseer hulfself afsluit en
8. slegs nog met ‘n lui hand klik klik-klik

9. die klein skootrekenaars is die ergste
10. my pa sê dis werk en dra

11. dit saam na koffiewinkels, krieketwedstryde
12. op ons eetkamertafel het dit ‘n ereplek

13. hy sê die volgende jaar kry ek ook een
14. ek sê ek sou ‘n vlieër verkies

tegnologie, my kind, sê hy dan
en gebruik woorde soos voortuitgang en kommunikasie

sonder om sy oë van die skerm af te neem,
maar ek, ek hou dinge fyn dop

wanneer niemand kyk nie gaan
ek en my pa se werk bietjie kwaliteittyd saam spandeer

ek het gehoor labtops is mal oor swem.

*Eckhard Cloete: Uit: Vonk@verse. Best books.2011 (Piekfyn Afrikaans graad 7)*

1. Verduidelik die woordspeling in die opskrif.
2. Wat noem ons ‘n gedig wat geen punktuasie het nie?
3. Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.
   ‘n Rekenaar is ‘n (goeie/slegte) ding volgens die kind.
4. Noem twee (2) plekke waarheen die pa sy rekenaar neem.
   4.1 Dink jy sulke gedrag is aanvaarbaar? Verduidelik jou antwoord in twee sinne.
5. Haal een woord uit die gedig aan waar die digter onomatopee gebruik.
6. Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi.
   Skryf slegs die korrekte letter (A-E) en die vraagnommer (6) neer.
   *“Ek het gehoor labtops is mal oor swem”* is ‘n goeie voorbeeld van…
   A. ironie
   B. sarkasme
   C. feite
   D. opinie
7. Watter woord in die teks dui daarop dat die skootrekenaar ook aan tafel is tydens etes.
8. Voorsien die onderstreepte woord van ‘n sinoniem.
   “ek het gehoor labtops is mal oor swem.”
9. Verduidelik kortliks jou opinie oor die gebruik van rekenaars by die huis.
10. Hoe sou jy voel as jou rekenaar/foon in die swembad beland?